# Graad 1
# Lewensvaardigheid
# Kwartaal 4








Naam en van:

# Verskillende huise


In Suid-Afrika woon mense in baie verskillende soorte huise. Gebruik die woorde in die blokke om die verskillende soorte huise te benoem.


| woonstelle | dubbelverdiepinghuis | karavaan |
|---|---|---|
| tent | informele behuising | tradisionele huis |
| enkelverdiepinghuis | | |


| | | | |
|---|---|---|---|
|  |  |  |  |
| | | | |


| | | |
|---|---|---|
|  |  |  |
| | | |

Huise beskerm ons teen weerstoestande soos hitte, koue, hael, reën en wind.
Hoe stewiger 'n huis gebou is, hoe meer beskerming bied dit.
Baie mense word nie so beskerm nie omdat hulle nie in stewige huise woon nie.



















# Waarvan huise gemaak word

Ons gebruik baie verskillende materiale om huise te bou.

|  |  |  |  |  |
|---|---|---|---|---|
| bakstene | teëls | sinkplate | sement | strooi/ riete |


|  |  |  |  |  |
|---|---|---|---|---|
| glas | pale | hout | klippe | seil |

|  |  |  |  |  |
|---|---|---|---|---|
| plastiek | klei/ modder | yster | velle | sand |


# Waarvan huise gemaak word


Verbind elke huis met die materiale waarvan dit gemaak is.







hout







seil






klei en strooi






bakstene






sinkplate

# Verskillende huise




Huise word van verskillende materiale gemaak.


Teken die volgende huise.




| Baksteen huis | Tent |
| --- | --- |
| | |
| **Klei en strooi huis** | **Informele huis** |
| | |

Knip die dele van 'n huis uit om jou eie huis te maak. Plak jou huis op die volgende bladsy. Maak jou huis mooi kleurvol.








# My huis

# Ons vind plekke en dinge

Daar is verskillende soorte kaarte. Om die regte kaart te kan kies, moet ons weet waarvoor ons dit wil gebruik. Straatkaarte help ons om die strate en plekke in 'n dorp of stad te vind. Boere hou van kaarte waarop dinge soos damme, riviere en heuwels aangedui word.




1. Kleur die plek waar jy boeke sou kry om te lees geel in.
2. Kleur die plek waar jy kos sou koop groen in.
3. Kleur die plek waar jy gaan om te leer blou in.
4. Omkring Gawie se huis met rooi.
5. Kleur die plekke waar jy die pad veilig kan oorsteek pers in.
6. Trek 'n groen kruis waar die parkies in die dorp is.

Verduidelik aan jou maat watter roete Marie moet volg om van die skool tot by sy huis te loop.

____________________________________

____________________________________

____________________________________

____________________________________

____________________________________

____________________________________

____________________________________

____________________________________

____________________________________

____________________________________

# My padkaart

Teken jou eie prentekaart van die roete wat jy tussen 2 plekke volg. Jy kan enige 2 plekke kies.

# Verskillende maniere waarvoor ons water gebruik


Skryf die sinne by die korrekte prent.

| | |
|---|---|
| Om plante te help om te groei | Om brande te blus |
| Om ons mee te was | Om ons klere mee te was |
| | Om kos mee te kook |











# Hoe vermors ons water?

Kyk na die prente. Kleur die prente blou in as dit water spaar. Kleur die prente rooi in as dit water vermors.


















| | |
|---|---|
| Ek laat die kraan loop terwyl ek my tande borsel. |  |
| Ons gooi nie die badwater weg nie, maar gebruik dit in die tuin. |  |
| Ek bad elke aand in 'n bad vol water. |  |
| Wanneer ek 'n kraan sien lek, maak ek dit styf toe. |  |
| Ons was die skottelgoed onder lopende water. |  |

# Ons bespaar water


Water is baie kosbaar, daarom moet ons dit nie vermors nie.


Teken 2 maniere hoe ons water kan bespaar en skryf 'n sin oor elke prent.

| Sin 1: |
| --- |
| |
| **Sin 2:** |
| |


# Veilige en onveilige drinkwater

Kyk na die prente. Kleur die prente blou in as dit 'n veilige aktiwiteit is. Kleur die prente rooi in as dit 'n onveilige aktiwiteit is.








Skryf die woord "veilig" of "onveilig" om elke sin te voltooi.

1. Dit is <u>onveilig</u> om vuil water te drink.
2. Dit is ______________________ om in vuil water te swem.
3. Dit is ______________________ om gebottelde water te drink.
4. Dit is ________________ om water uit 'n besoedelde rivier te drink.
5. Dit is ______________________ om skoon kraanwater te drink.

# Hoe berg ons water?



Dit is belangrik dat ons skoon water moet drink.




Kieme is so klein dat ons hulle nie met

die blote oog kan sien nie. As ons die water drink sonder om eers van die kieme ontslae te raak, kan ons baie siek word.


Ons kan water op verskillende maniere skoonmaak of suiwer. Ons moet die water ook so bêre dat dit skoon bly.






Ons kan ons water kook om dit te suiwer.

Ons kan reënwater drink as ons dak en ons tenk skoon is.



Ons kan ons water filtreer om dit te suiwer.




Die munisipaliteit suiwer en berg ons water sodat ons dit kan drink.

# My eie waterfilter


Nommer die stappe om 'n waterfilter te maak in die regte volgorde.

| | |
|---|---|
| | Voeg fyn sand bo-op die watte by. |
| | Draai die bottel onderstebo. |
| | Voeg growwe sand by. |
| | Sny die bodem van 'n plastiekbottel versigtig af. |
| | Drup die modderwater bo in. |
| | Gooi klein klippies of gruis in die bottel. |




Maak jou eie waterfilter. Jy het die volgende nodig:

- 'n 2 liter-plastiekbottel
- Skoon, fyn sand
- Skoon, growwe sand
- Skoon, klein klippies of gruis
- 'n Skerp mes
- Skoon watte
- 'n Glas water



# dag


dag



Gedurende die dag sien ons die son. Die son gee lig en hitte. Die lug is blou in die dag en daar is wolke.


Mense werk deur die dag en ons gaan skool toe.

# nag



nag





In die aand sak die son en dit word donker. Ons moet dan ligte gebruik om te kan sien wat ons doen.

In die aand sien ons die maan en sterre.

In die dag sien ons ook partykeer die maan. Die maan is nie in die dag so duidelik nie, omdat die son helder skyn.

In die aand is dit kouer as in die dag.


In die aand slaap ons en party mense werk in die aand.


# Dag en nag

Gebruik die woorde in die blokke om die sinne te voltooi.

| | | | |
|---|---|---|---|
| donker | kouer | maan | son |
| sterre | slaap | werk | skool |


1. In die dag skyn die ___________.
2. Deur die dag __________ mense en ons gaan ________ toe.
3. In die aand sien ons die ____________ en ___________.
4. In die aand is dit ___________.
5. In die aand _____________ ons.
6. In die aand is dit ____________ as deur die dag.







# Hemelruim

Dit is die son en die planete in ons sonnestelsel. Hulle is ons bure in die ruimte.









Dit is 'n prent van Saturnus. Hy verskil van al die ander planete omdat hy ringe rondom hom het.






# Die son en die maan





maan

|  |  |  |
|---|---|---|
| halfmaan | volmaan | sekelmaan |


Die maan is 'n groot rotsbal wat geen hitte uitstraal nie. Die maan skyn nie self nie, maar weerkaats die sonstrale na ons toe soos 'n spieël. Die maan is veel kleiner as die aarde.

Die son is 'n ster. Dit is soos 'n groot vuurbal wat sy hitte in alle rigtings uitstraal. Die son is duisende kere groter as die aarde. Sterre is gloeiende bolle gas. Hulle gloei in die nag.



son

# Sterre




Die son is die naaste ster aan die aarde. Die ander sterre is baie, baie ver van die aarde af.

Ruimtevaarders reis met spesiale ruimtetuie die ruimte in en vind meer oor die sterre uit. Wanneer hulle die ruimte besoek, dra hulle spesiale ruimtepakke.

ruimtetuig

ruimtevaarder



Knip die prente uit om jou eie hemelruim kunswerk te skep op die volgende bladsy. Jy kan ekstra prente by teken. Maak jou kunswerk mooi en kleurvol.

